RADA (Royal Academy of Dramatic Art) opgeleide Jana Cilliers is een van Suid-Afrika se suksesvolste en bekendste aktrises - ewe vaardig in teater, film en televisie wat haar met meer as 20 beste aktrise toekennings bekroon het en vele nominasies.

Jana was deel van die plaaslike televisie bedryf sedert sy bestaan. Gedurende die vroee jare verskyn sy in reekse en eenmalige dramas soos "***DOKTER-DOKTER"***; "***SALOME"***; "***ARENDE"*** en "***EGOLI.*** In 1977 word haar eerste Artes aan haar toegeken vir "***WAITING***" onder leiding van Gray Hofmeyr.

Gedurende haar filmloopbaan het Jana in verskeie vollengte asook kort-films vir die Suid-Afrikaanse en oorsese markte verskyn. Rolprente sluit in "***'N PLEKKIE IN DIE SON"*** met Regardt van den Bergh, "***A QUEST FOR LOVE"*** met Sandra Prinsloo en "***A PRIVATE LIFE"*** vir die BBC, asook "***WATERCOLOURS"*** vir Channel Four teenoor Bill Flynn.

Jana se teater rolle sluit in "***FRANKIE AND JOHNNIE IN THE CLAIR DE LUNE" van Terence McNally*** met Bill Flynn, "***DANCE OF DEATH" van Strindberg*** met John Kani, "***IN PRAISE OF LOVE" van Rattigen*** met Rex Garner, en "***ANTHONY AND CLEOPATRA"*** met Sean Taylor. Haar onvergeetlike spel as ***Maria Callas*** in die hoogs bekroonde "***MASTER CLASS"*** deur ***Terence McNally,*** onder regie van ***Mark Graham***, was bekroon met nie minder as ses beste aktrise toekennings. Ander mylpaal prestasies sluit in die hoofrol in "***YELENA" Reza de Wet*** se opvolg van Anton Chekhov se Uncle Vanya, "***THE AMERICAN POPESS"*** deur Duitse dramaturg ***Esther Vilar***, en haar enkelspel in "***OPDRAG: INGRID JONKER"*** wat sy geïnisieer het saam met regisseur Mark Graham en skrywer Ryk Hattingh.

Die sukses van lg lei tot die stigting van hul teater maatskappy `***Opdrag Productions'*** in 2001 onder leiding van Mark Graham en Jana Cilliers.

"***PLAY@RISK"*** onder regie van Megan Willson 'n debuut werk van ***Opdrag Productions*** maak opspraak as musiekdrama en word bekroon met 'n KANNA toekenning as Beste Musikale Produksie by KKNK 2003.

Jana sluit in 2004 by Marthinus Basson aan in Kaapstad met "***1975"*** geskryf deur ***Saartjie Botha*** en "***ROMEO EN JULIA"*** deur ***Peter Verheldst***. Haar vertolking van Ariel teenoor Antoinette Kellerman se Prospero in die magiese produksie van "***DIE STORM"*** bly van haar kosbaarste herinneringe as ensemble werk. Hulle ontvang beste produksie by Aardklop. Jana speel Karakter A in Basson se "***MACBETH.SLAPELOOS"*** met David Minnaar en Anna-Mart van der Merwe in die hoofrolle.

Jana keer terug televisie toe as Magriet in die MNet reeks “***FEAST OF THE UNINVITED:*** deur ***PG du Plessis***, onder regie van Katinka Heyns. Haar dogter Lika Berning vertolk die jonger Magriet. In 2010 sluit beide aan by die span van “***BINNELAND SUB JUDICO”*** vir KykNet en verskyn as moeder en dogter. As vervaardigers maak hulle ‘n dokumentêre film “***BETTIE”*** oor die lewe van die bekende kunstenaar, Bettie Cilliers-Barnard. Dit vier die lewe van haar as kunstenaar, moeder en ouma.

Daarna kom haar unieke vertolking van die eksentrieke Anna Uys in die “***DIE BOEKKLUB” Seison 1 en 2*** vir Kyknet. Sy ontvang SAFTA toekennings as Beste Aktrise twee opeenvolgende jare hiervoor.

In 2019 vir Aardklop tree sy op saam met ***Dawid Minnaar*** in die delikate toneelstuk ‘***WILDE-ALS”*** van ***Wessel Pretorius.*** ‘n Opvolg hiervan vir KKNK 2020 word kortgeknip deur die skielike covid lockdown. ‘n Derde en finale reeks van “***DIE BOEKKLUB”*** gebeur wel maar die toneelwereld kom met die pandemie tot stilstand.

In 2022 verskyn Jana in die musiekproduksie “***MIXTAPE VAN DIE LIEFDE***” saamgestel deur ***Anna Davel*** en ***Alexa Strachan***. Dit word besonder goed ontvang by Aardklop 2022 en staan uit as beste musikale produksie. 2023 bring dit KKNK en Suidoosterfees toe. Nog ‘n opspraakwekkende woord en musiek produksie onder leiding van Coenie de Villiers “***WOORDMUSIEK”*** maak sy buiging by KKNK 2023. Jana Cilliers, Ivette Ebrahim en Antoinette Kellerman tree daarin op met Mauritz Lotz op kitaar en Coen de Villiers op klavier.